



education

Department of
Education
FREE STATE PROVINCE

REKENINGKUNDE

GRAAD 12

JUNIE 2021 – V1

PUNTE: 150

TYD: 2 UUR

Hierdie vraestel bestaan uit **9** bladsye, hierdie een ingesluit.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies noukeurig en volg hulle presies.

1. Beantwoord ALLE vrae.
2. 'n Spesiale ANTWOORDBOEK word voorsien, beantwoord ALLE vrae daarin.
3. Toon ALLE bewerkings om sodoende deelpunte te verwerf.
4. Jy mag gebruik maak van 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar.
5. Jy mag 'n donker potlood of blou/swart ink gebruik om die vrae te beantwoord.
6. Waar van toepassing, toon AL die berekeninge tot EEN desimale punt.
7. Skryf netjies en leesbaar.
8. Indien jy dit verkies, mag jy gebruik maak van die finansiële aanwysers formuleblad wat aan die einde van die vraestel aangeheg is. Gebruik van die formuleblad is nie verpligtend nie.
- 9.

VRAAG	ONDERWERP	PUNTE	TYDGIDS
1	Maatskappy: Finansiële State	65	50
2	Kontantvloeistaat en verhoudings	35	30
3	Ontleding en vertolking	40	30
4	Korporatiewe bestuur	10	10
TOTAAL		150	120

VRAAG 1: MAATSKAPPYE: FINANSIËLE STATE EN NOTAS (65 punte; 50 minute)**1.1 JARDIM BPK**

Jy word voorsien met inligting vir die finansiële jaar geëindig 28 Februarie 2021.

GEVRA:

Voltooi die volgende vir die jaar geëindig 28 Februarie 2021:

1.1.1 Inkomstestaat (Staat van Komprehensiewe Inkomste) (23)

1.1.2 Notas tot die Balansstaat

- Gewone aandelekapitaal (7)
- Behoue inkomste (8)

1.1.3 Balansstaat (Staat van Finansiële Posisie) (27)

INLIGTING:**A. Saldo's/Totale op 28 Februarie 2021:**

	DEBIET	KREDIET
Gewone aandelekapitaal		9 380 000
Behoue inkomste		?
Vaste Bates teen drawaarde	?	
Vaste deposito	450 000	
Debiteurekontrole	796 000	
Voorsiening vir oninbare skuld		38 300
Krediteurekontrole		516 900
Lening: LL Bank		570 000
Wisselgeld	?	
SAID: Inkomstebelasting	?	
Verkope		?
Koste van verkope	4 200 000	
Korting toegestaan	6 500	
Korting ontvang		3 800
Ouditfooie	99 900	
Direkteursfooie	673 400	
Huur inkomste		236 200
Diverse uitgawes	939 600	
Rente op vaste deposito (balanserende bedrag)		?
Rente op lening	56 500	
Interim dividend	228 000	

B. Aansuiwerings en addisionele inligting:

- (a) **Verkope van goedere:**
Die maatskappy handhaaf 'n winsopslag van 60% op kosprys.

- (b) **Ouditfooie:**
75% van die jaarlikse fooie is betaal.
- (c) **Direkteursfooie:**
Die maatskappy het drie direkteure wat dieselfde fooi verdien. Een direkteur is een maand vooruitbetaal.
- (d) **Huur inkomste:**
Die huur verhoog jaarliks met R1 600 op 1 Desember. Huur is vir Maart en April 2021 vooruitontvang.
- (e) **Diverse uitgawes:**
Alle ander uitgawes word onder diverse uitgawes aangetoon.
- (f) **Inkomstebelasting**
Inkomstebelasting word bereken teen 27% op die netto wins voor belasting.

C. Aandelekapitaal

Gemagtigde aandelekapitaal: 2 000 000 gewone aandele

1 Maart 2020	60% van die aandele was reeds uitgereik.
1 Mei 2020	60 000 aandele is teruggekoop teen R8,40
31 Oktober 2020	140 000 Addisionele aandele is uitgereik

D. Dividende

Die direkteure het 'n finale dividend van 22 sent per aandeel verklaar.

- E. 'n Krediteur met 'n kredietsaldo van R10 000 in die krediteurgrootboek moet oorgedra word na sy rekening in die debiteurgrootboek. (Dit het geen invloed op die voorsiening vir oninbare skuld rekening nie)
- F. Die verbandlening van LL Bank is op 1 Mei 2018 aangegaan. Dit sal oor 'n termyn van 6 jaar terugbetaal word. 'n Vaste lening terugbebetaling (rente uitgesluit) is aan die einde van elke maand gemaak. Die eerste lening terugbetaling is op 31 Mei 2018 gemaak. Alle ander leningbetalings is gemaak. Rente word nie gekapitaliseer nie en is korrek geboekstaaf.
- G. Finansiële aanwysers op 28 Februarie 2021:

Bedryfsverhouding	1,8:1
Vuurproefverhouding	1,1:1

VRAAG 2: KONTANTVLOEI EN VERHOUDINGS**(35 punte; 30 minute)**

Die onderstaande inligting het in die rekords van Shark Bpk. op 31 Desember 2020, die einde van die finansiële jaar, verskyn. Die maatskappy het 'n gemagtigde aandelekapitaal van 750 000 gewone aandele.

GEVRA:

- 2.1** Voltooi die nota vir Kontant gegenereer uit Bedrywighe deur die ontbrekende syfers in te vul. (5)
- 2.2** Voltooi die Kontantvloeistaat vir die jaar geëindig op 31 Desember 2020. Toon alle berekeninge om deelpunte te verdien. (17)
- 2.3** Bereken die volgende finansiële aanwysers vir Desember 2020:
- 2.3.1** Vuurproefverhouding (5)
- 2.3.2** Skuld-ekwiteitsverhouding (3)
- 2.3.3** Opbrengs op aandeelhoudersbelang (OOAB) (5)

INLIGTING:

- A. Uittreksel uit die Inkomstestaat vir die jaar geëindig 31 Desember 2020.

Rente op lening	27 380
Waardevermindering	58 000
Inkomstebelasting	23 000
Netto wins voor inkomstebelasting	100 000

- B. Inligting vanaf die Balansstaat:

	2020	2019
Gewone aandele ekwiteit	751 000	496 000
Gewone aandelekapitaal	678 000	440 000
Behoue inkomste	73 000	56 000
Lening : TK Bank	130 000	170 000
Vaste bates (Drawaarde)	549 000	420 000
Voorraad	61 000	73 000
Handelsdebiteure	210 320	150 600
Bank (gunstig)	30 130	-
Oortrokke bank	-	10 000
Wisselgeld	1 000	1 000
Handelskrediteure	130 400	120 550
SAID (Inkomstebelasting)	4 000 (Dt.)	10 000 (Kt.)
Aandeelhouders vir dividende	28 000	22 000

- C. Totale dividende vir die jaar beloop R60 000.
- D. Nuwe toerusting is aangekoop en 'n voertuig is gedurende die jaar teen drawaarde, R17 000, verkoop.

VRAAG 3: ONTLEDING EN VERTOLKINGS**(40 punte; 30 minute)****3.1 MOTLOUNG BPK. EN MOKOATSI BPK.**

Jy word voorsien van inligting met betrekking tot twee maatskappye.

AGTERGRONDINLIGTING:

- André Brand besit 300 000 aandele in elke maatskappy.
- **Motloun Bpk.** het 200 000 nuwe aandele slegs aan bestaande aandeelhouers uitgereik teen die gemiddelde uitreikprys (R9,10). Hierdie fondse is gebruik om 'n nuwe tak te vestig. Geen nuwe lenings is aangegaan nie.
- **Mokoatsi Bpk.** het R4 800 000 betaal om 320 000 aandele terug te koop.

GEVRA:

LET WEL: Waar kommentaar of verduidelikings verwag word, haal finansiële aanwysers en syfers aan om jou antwoord te staaf.

MOTLOUNG BPK.

- 3.1.1** Lewer kommentaar op die prys van R9,10 wat Motloun Bpk. vir die nuwe aandele wat uitgereik is, gevra het. (3)
- 3.1.2** Verduidelik hoe die uitreik van nuwe aandele die finansiële hefboomverhouding en risiko van Motloun Bpk. beïnvloed het. Haal TWEE finansiële aanwysers aan. (6)
- 3.1.3** André het die opsie gehad om sommige van die nuwe aandele wat deur Motloun Bpk. uitgereik is, te koop. Hy het genoeg fondse (rentekoers 5% p.j.) vir hierdie doel gespaar.
- As André sy 60%-aandeelhouding in die maatskappy wou behou, hoeveel aandele sou hy moes gekoop het en hoeveel sou hy moes betaal het? (5)
 - André het besluit om NIE hierdie aandele te koop NIE. Buiten die % aandeelhouding, verduidelik TWEE redes waarom hy 'n fout gemaak het deur nie hierdie opsie uit te oefen nie. (6)

MOKOATSI BPK.

- 3.1.4** Lewer kommentaar op die likiditeit van Mokoatsi Bpk. Haal TWEE finansiële aanwysers aan. (6)
- 3.1.5** Lewer kommentaar op die prys wat Mokoatsi Bpk. vir die terugkoop van aandele betaal het. (3)
- 3.1.6** Verduidelik DRIE maniere waarop André deur die terugkoop van die aandele deur Mokoatsi Bpk. bevoordeel is. (6)
- 3.1.7** Verduidelik of die terugkoop van aandele enige effek op die dividend uitbetalingsbeleid van Mokoatsi Bpk. gehad het. (5)

ADDISIONELE INLIGTING:**Finansiële aanwysers en addisionele inligting uit jaarverslae:**

	MOTLOUNG BPK.		MOKOATSI BPK.	
	2021	2020	2021	2020
Skuld-ekwiteitsverhouding	0,5 : 1	0,8 : 1		
Bedryfsverhouding			1,9 : 1	3,5 : 1
Vuurproefverhouding			1,1 : 1	1,7 : 1
Voorraadhoudingstydperk			54 dae	54 dae
Getal aandele reeds uitgereik	700 000	500 000	580 000	900 000
Gemiddelde aandele-uitreikprys	R9,10		R10,20	
Prys vir terugkoop van aandele betaal			R15,00	
Prys van aandele op die JSE	R12,00		R15,00	
Netto batewaarde per aandeel	R10,73	R11,38	R13,30	R13,22
% opbrengs op aandeelhoudersbelang	23%	17%	16%	13%
% opbrengs op totale kapitaal aangewend	20%	15%		
Verdienste per aandeel	140 sent	196 sent	266 sent	171 sent
Totale dividende	R357 000	R325 000	R928 000	R928 000
Dividende per aandeel	51 sent	65 sent	160 sent	103 sent

VRAAG 4: OUDITVERSLAE**(10 punte; 10 minute)**

Uittreksel vanaf die ouditverslag van Tembisa Bpk word voorsien.

NLIGTING:**Aan Aandeelhouders**

Ons het die finansiële state, wat op bladsye 8 tot 52 uiteengesit is, geoudit ...

Mening

Punt 1 Na ons mening is die finansiële state 'n redelike weergawe, in alle wesentlike opsigte, van die finansiële posisie van die maatskappy soos op 28 Februarie 2018 ...

Punt 2 ... volgens Internasionale Finansiële Verslagdoening-standaarde ('IFRS') en die vereistes van die Maatskappywet (Wet 71 van 2008) van Suid Afrika.

Basis vir Mening

Punt 3 Ons is onafhanklik van die maatskappy ...

Punt 4 Ons het aan ons etiese verantwoordelikhede voldoen wat met internasionale standaarde in ooreenstemming is ...

Punt 5 ... en die ouditbewyse verkry, is voldoende en geskik om 'n basis vir ons mening te verskaf.

GEVRA:**4.1 Verwys na punte 1 tot 3.**

Waarom het die ouditeure besluit om hierdie punte te noem? Gee EEN verduideliking vir ELKE punt. (6)

4.2 Verwys na punte 4 en 5.

Verduidelik en gee EEN voorbeelde van:

- Etiese verantwoordelikhede
- Ouditbewyse

(4)

10**TOTAAL: 150 PUNTE**

GRAAD 12 REKENINGKUNDE-FORMULEBLAD MET FINANSIËLE AANWYSERS	
$\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Netto wins voor belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Netto wins na belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Bedryfsuitgawes}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bedryfswins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$
Totale bates : Totale laste	Bedryfsbates : Bedryfslaste
(Bedryfsbates – Voorraad) : Bedryfslaste	Nie-bedryfslaste : Aandeelhoudersbelang
(Handel & ander ontvangbare bedrae + Kontant & kontantekwivalente) : Bedryfslaste	
$\frac{\text{Gemiddelde handelsvoorraad}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365}{1}$	$\frac{\text{Koste van verkope}}{\text{Gemiddelde handelsvoorraad}}$
$\frac{\text{Gemiddelde debiteure}}{\text{Kredietverkope}} \times \frac{365}{1}$	$\frac{\text{Gemiddelde krediteure}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365}{1}$
$\frac{\text{Netto inkomste na belasting}}{\text{Gemiddelde aandeelhoudersbelang}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Netto inkomste na belasting}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ (*Sien nota hieronder)
$\frac{\text{Netto inkomste voor belasting} + \text{Rente op lenings}}{\text{Gemiddelde aandeelhoudersbelang} + \text{Gemiddelde nie-bedryfslaste}} \times \frac{100}{1}$	
$\frac{\text{Aandeelhoudersbelang}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Dividende vir die jaar}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Tussentydse dividende}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Finale dividende}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Dividende per aandeel}}{\text{Verdienste per aandeel}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Dividende vir die jaar}}{\text{Netto inkomste na belasting}} \times \frac{100}{1}$
Totale vaste koste Verkoopprijs per eenheid – Veranderlike koste per eenheid	
LET WEL: * In hierdie geval, indien daar gedurende 'n finansiële jaar 'n verandering in die aantal uitgereikte aandele is, word die geweegde gemiddelde-getal aandele in die praktyk gebruik.	